

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Die Tel van die Omer

Die vasgestelde tye (feestye, *mo'edim*) van יהוה, soos ondermeer in Levitikus 23 uiteengesit word, word in drie goepe (“feesseisoene”) verdeel, naamlik:

- ❖ Die eerste seisoen van *Pesag* wat bestaan uit drie opeenvolgende feeste, naamlik: Pesag (Pasga), Fees van Ongesuurde Brood en die Fees van die waaioffer (Eerstelingsgerf).
- ❖ Die tweede seisoen van *Shavu'ot* (Fees van Weke), ook bekend as Pinksterfees.
- ❖ Die derde seisoen van *Sukkot*, ook bekend as die Loofhutfees wat bestaan uit drie opeenvolgende feeste, naamlik: die Fees van Shofar (*Yom Teruah*), Die Dag van Toedekking (Versoening; *Yom Kippur*) en die Fees van Tabernakels (*Sukkot*).

Dit is dus 'n totaal van sewe vasgestelde tye (afsprake). Op יהוה se jaarlikse afspraakkalender is daar egter nog 'n vasgestelde tyd wat die Agste Dag (*Sh'mini Atzeret*) genoem word en wat deel vorm van die seisoen van *Sukkot*. In totaal het יהוה dus jaarliks agt ‘formele’ afsprake met Sy volk – ontmoetings waar Hy die inisiatief neem en 'n uitnodiging aan elkeen van Sy kinders rig. Daar word egter deurgaans verwys na die sewe vasgestelde tye (feestye) waar die getal 7 op die voltooiing van יהוה se herstelplan dui en dan die Agste Dag wat 'n nuwe begin aankondig. Onthou egter dat die weeklikse Shabbat ook deel is van יהוה se vasgestelde tye (feeste)(Lev. 23:2) – 'n weeklikse afspraak wat heenwys na die ewige rus (Heb. 4:3-11) wat sal volg op die voltooiing van יהוה se plan van herstel aan die einde van die eeue.

Die eerste feeseisoen van Pesag word gevolg deur 49 dae van voorbereiding voor die begin van *Shavuot* op die vyftigste dag. Hierdie 49 dae staan bekend as die tel van die Omer (Hebreeus: *Sefirat HaOmer*).

9 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

10 “Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: ‘Wanneer julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrengs oes, moet julle 'n gerf van die eerste vrugte van julle oes na die priester bring.

11 Hy moet die gerf voor die Teenwoordigheid van יהוה waai, om vir julle aanvaar te word; op die dag ná die Shabbat moet die priester dit waai.

12 Op die dag as julle die gerf waai, moet julle 'n lam in sy eerste jaar, sonder gebrek, as brandoffer tot יהוה offer.

13 Sy graanoffer daarmee saam, moet twee tiendes van 'n efa fyn meel met olie gemeng wees, as 'n offer, deur vuur, gebring tot יהוה, 'n aangename geur en sy drankoffer moet 'n kwart hin wyn wees.

14 Julle mag geen brood of gebraaide graan of vars graan eet tot op daardie selfde dag dat julle die offer tot julle God bring nie. Dit is 'n ewige instelling vir al julle geslagte, oral waar julle bly.

15 Julle moet tel van die dag ná die Shabbat, van die dag af wanneer julle die gerf van die waaioffer bring, sewe Shabbatte moet voltooi wees;

16 tot die dag ná die sewende Shabbat moet julle vyftig dae tel; dan moet julle 'n nuwe graanoffer tot יהוה bring. Lev. 23:9-16¹

Die tel van die omer begin op die dag van die Fees van die Waaioffer. Dag een van die tel van die omer is dus die dag wanneer die gerf van die waaioffer voor יהוה gebring was (Lev. 23:15).

Die vraag is egter na watter Shabbat moet die waaioffer gebring word? Verwys Lev. 23:11 na die weeklikse Shabbat of verwys dit na die eerste dag van die Fees van Ongesuurde Brood wat ook as 'n Shabbat gedenk word? Hieroor is daar meningsverskil, naamlik:

Volgens Rabbynse Judaïsme (die Fariseërs) word die Fees van die waaioffer gedenk op die dag na die eerste Shabbat van die Fees van Ongesuurde Brood wat van 15 Nisan tot 21 Nisan duur (Lev. 23:6). M.a.w. die Fees van die waaioffer word altyd op die 16 Nisan gehou. Die datum van hierdie bestemde tyd bly dus dieselfde, maar die dag van die week sal jaarliks verskil. Die 16 Nisan is dan ook volgens hierdie siening dag een van die tel van die omer.

Volgens die Karaïete (Sadduseërs) word die waaioffer egter gebring op die dag na die weeklikse Shabbat van die week waartydens Pesag gedenk word. Die fees van die waaioffer is dus altyd op die eerste dag van die week ('n Sondag) en is ook dag een van die tel van die omer. Die dag bly dus dieselfde, maar die datum sal van jaar tot jaar verskil.

Wie is reg? In die lig daarvan dat Yeshua voor die einde van die weeklikse Shabbat uit die dood opgestaan het, en dus die vervulling van die waaioffer op die eerste dag van die week was, behoort vir almal bevestiging te wees dat die Karaïete siening reg is.

Die gerf van die waaioffer word in Hebreeus die *omer* genoem en beteken 'n droë maat van ongeveer 'n tiende efa (ongeveer 2 liters) of 'n gerf. Die *omer* tydens die Fees van die waaioffer was gars wat in die *aviv* stadium van rypwording was. Die drankoffer van 'n kwart-hin wyn was ongeveer 1,5 liter (1 hin is ongeveer 6 liter). Gars was die eerste van die graanoes, terwyl die koring as offer gedurende *Shavuot* (Pinksterfees) gebring was.

Hoekom die tel van die Omer?

Die Skrifte gee geen verduideliking hoekom die dae vanaf Pesag tot en met *Shavu'ot* getel moet word nie. Ons is egter almal van kleintyd af bekend met die tel van die dae tot en met 'n belangrike gebeurtenis of afspraak. Hierdie tel van die dae gaan gepaard met 'n opgewondenheid en verwagting. Dikwels behels dit ook voorbereiding vir die geleentheid. In hierdie lig moet die tel van die omer gesien word: Ons tel die dae tot die volgende afspraak met ons Vader.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Hierdie tel van die omer is 'n reis van 49 dae van selfondersoek. Dit is 'n voorbereidingsproses in afwagting vir die seën van *Shavuot*. Ons tel die omer met opgewondenheid en 'n verwagting vir die aanbreek van *Shavuot*!

Die tel van die omer kan ook beskou word as 'n tyd van *teshuvah* wat *terugkeer* beteken. *Teshuvah* is om terug te keer na Torah, naamlik na יהוה se liefdevolle onderrig vir 'n lewe as geregverdigde in Yeshua, dié Gesalfde Een. Dit is om met berou en verootmoediging “terug te keer” nadat selfondersoek gedoen is van jou geestelike welstand en van jou verhouding met Vader-God.

Die 49 dae van tel van die Omer en die 40 dae *teshuvah* voor *Yom Kippur* is beide 'n tydperk van voorbereiding om יהוה te ontmoet. Beide is om *teshuvah* te doen. Die verskil is egter die volgende: *Teshuva* tydens die tel van die omer word uit liefde en dankbaarheid gedoen, terwyl *teshuvah* tydens die 40 dae voor *Yom Kippur* deur 'n element van vrees gemotiveer word. Tydens die tel van die omer doen ons *teshuvah* in voorbereiding en afwagting van 'n 'geskenk', naamlik Torah en die Afgesonderde Gees, wat ons op *Shavuot* (Pinkster) gaan ontvang en reeds ontvang het. Maar die 40 dae van *teshuvah* voor *Yom Kippur* is in voorbereiding en afwagting van יהוה se oordeel op hierdie dag. Die eerste word uit liefde gedoen en die tweede grootliks uit respekvolle vrees.

Die tel van die omer is die selfondersoek en voorbereiding om weer soos Yisra'el van ouds by Sinai te staan en opnuut יהוה se Torah in ons harte en verstand te ontvang. Dit is 'n geleentheid vir elkeen om sy geestelike huis in orde te kry!

“Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van Yisra'el,” sê יהוה: “Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees Heb. 8:10.

¹⁶ Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Bevryder en Lewegewer gee om by julle te bly tot in ewigheid.

²⁶ maar die Bevryder en Lewegewer, die Gees wat Afgesonderd is, wat My Vader in My Karakter en Outoriteit sal stuur, sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. Joh. 14:16 en 26.

Die 40 dae van *teshuvah* tot en met *Yom Kippur* is die selfondersoek en voorbereiding om voor יהוה te staan as Torahgehoorsame volgelinge van Yeshua. Dit is 'n geleentheid vir elkeen om seker te maak sy geestelike huis is in orde.

en sy meester sê vir hom: ‘Goed so, goeie en betroubare slaaf, oor 'n bietjie was jy betroubaar, oor baie sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou meester.’ Matt. 25:21.

Wat het op *Shavuot* gebeur?

In die lig Lev. 23:9-16 kan ons met sekerheid aanvaar dat die studentevolgelinge as Torahgehoorsame volgelinge van Yeshua ook die omer getel het. Daarom het Yeshua se volgelinge op *Shavuot* bymekaar gekom om hierdie vasgestelde tyd van יהוה te gedenk. As Jode (Hebreërs) wat goed in Torah onderrig was, het hulle geweet wat op *Shavuot* gedenk word, naamlik die gee van Torah aan hulle voorgeslagte by die berg Sinai. Hierdie

gebeurtenis was so belangrik dat die dae vanaf die herdenking van hulle bevryding uit Mitzrayim (Pesag) tot *Shavuot* (die herdenking van die gee van die Torah) getel was.

Maar wat het toe gebeur op die eerste *Shavuot* na Yeshua se hemelvaart? Terwyl hulle besig was om die gee van Torah te gedenk het יהוה hulle gevul (gedoop) met Sy Gees, naamlik die krag om Torahgehoorsaam te wees. God het Sy belofte soos deur die profeet Yirmeyahu gespreek was, waar gemaak:

³³ Hierdie is egter die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Yisra'el sal sluit,” verklaar יהוה: “Ek sal My wet binne-in hulle sit en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees.

³⁴ Hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: ‘Ken יהוה,’ want hulle sal My almal ken, van die kleinste tot die grootste van hulle,” verklaar יהוה, “want Ek sal hulle oortredinge vergewe en hulle sondes nie meer onthou nie.” Jer. 31:33-34.

יהוה se Torah, soos dit in Yeshua vervolmaak is, was op ‘n unieke wyse uitgestort, naamlik deur dit in elkeen se verstand, wil en emosie te gee en op elkeen se hart te skryf sodat elkeen God waarlik kan ken. Dit was nie meer woorde – יהוה se Torah – op klip nie, maar nou die woorde (die Torah) van יהוה se krag (Heb. 1:3) in hulle binneste. Hierdie Geesgeskrewe woorde van יהוה was nou deel van hulle verstandelike vermoë en deel van hulle hartsbegeerte. Dit was nou ‘n innerlike krag wat uiterlik sigbaar geword het deur woorde en daede (tekens en wonders).

Pesag is die herdenking van die begin van ons vryheid en *Shavuot* is die herdenking van ons Geesgegewe vermoë om as bevrydes volgens יהוה se Torah, Sy liefdevolle onderrig en instruksies, te lewe!!!

Daarom kan ons ook die dae met afwagting tot *Shavuot* tel, want ook hierdie afspraak met die Vader sal ‘n bevestiging en vernuwing van Sy belofte van die gebeure van *Shavuot* wees.

Laat ons nie stilstaan by die doop van bekering (Pesag) nie, maar aan beweeg na die doop deur Yeshua in die Afgesonderde Gees en met vuur (*Shavuot*)(Matt. 3:11). Hierdie doop is יהוה se krag tot gehoorsaamheid aan Sy onderrig en instruksies vir ‘n leefwyse as geregverdigde en vir tekens en wonders wat sal volg!!

Daarom is dit gepas om daaglik tydens die tel van die omer ondermeer Psalm 119 te lees en te bepeins, want hierdie is ‘n lofpsalm oor die heerlikheid, goedheid en wonders van Torah.

Sonder Torah kan daar geen ware vryheid wees nie, en sonder die Afgesonderde Gees sal ons nie die krag tot gehoorsaamheid hê nie. Tekens, wonders en gehoorsaamheid gaan hand aan hand. יהוה het dit alles op *Shavuot* moontlik gemaak.

Nota: Onderstaande tabel is ‘n hulpmiddel van hoe Ps. 119 en ander psalms daaglik gelees en bepeins kan word tot en met dag 49 van die tel van die Omer.

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuweliel.info

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.

Tel van die Omer volgens Psalm (Tehillim) 119 en ander Psalms

Omer dag 1	Psalm 119:1-8
Omer dag 2	Psalm 119:9-16
Omer dag 3	Psalm 119:17-24
Omer dag 4	Psalm 119:25-32
Omer dag 5	Psalm 119:33-40
Omer dag 6	Psalm 119:41-48
Omer dag 7	Psalm 119:49-56
Omer dag 8	Psalm 119:57-64
Omer dag 9	Psalm 119:65-72
Omer dag 10	Psalm 119:73-80
Omer dag 11	Psalm 119:81-88
Omer dag 12	Psalm 119:89-96
Omer dag 13	Psalm 119:97-104
Omer dag 14	Psalm 119:105-112
Omer dag 15	Psalm 119:113-120
Omer dag 16	Psalm 119:121-128
Omer dag 17	Psalm 119:129-136
Omer dag 18	Psalm 119:137-144
Omer dag 19	Psalm 119:145-152
Omer dag 20	Tehillim 119:153-160
Omer dag 21	Tehillim 119:161-168
Omer dag 22	Tehillim 119:169-176
Omer dag 23	Psalm 1
Omer dag 24	Psalm 11
Omer dag 25	Psalm 16
Omer dag 26	Psalm 19
Omer dag 27	Psalm 25:4-10
Omer dag 28	Psalm 63
Omer dag 29	Psalm 67
Omer dag 30	Psalm 78:1-16
Omer dag 31	Psalm 78:17-31
Omer dag 32	Psalm 78:32-39
Omer dag 33	Psalm 78:40-55
Omer dag 34	Psalm 78:56-72
Omer dag 35	Psalm 93
Omer dag 36	Psalm 94:12-23
Omer dag 37	Psalm 95
Omer dag 38	Psalm 96
Omer dag 39	Psalm 98

Omer dag 40	Psalm 99
Omer dag 41	Psalm 103
Omer dag 42	Psalm 105:1-11
Omer dag 43	Psalm 106:1-5
Omer dag 44	Psalm 111
Omer dag 45	Psalm 112
Omer dag 46	Psalm 128
Omer dag 47	Psalm 130
Omer dag 48	Psalm 148
Omer dag 49	Psalm 138